

1989

1

Kopiereg voorbehou. Nie vir publikasie.

DIE SPROKIE VAN DIE BOS!

Sampie Terreblanche

Ek wil die sprokie van die bos vertel. Ek moet u waarsku. Dit is nie 'n mooi sprokie nie. Dis 'n angswekkende sprokie. Dit is nie sommer 'n bangmaaksprokie nie, want dit bevat te 'n groot element van die waarheid. Maar soos alle sprokies, bevat dit ook 'n element van oordrywing. Ek laat dit aan u verbeelding oor om te besluit watter deel van die sprokie waarheid en watter deel oordrywing is.

1. Die sprokie gaan nie oor 'n gewone bos nie

Die sprokie gaan nie oor 'n gewone bos nie. Dit gaan oor 'n bos wat in 'n oerwoud ontaard het. Die lewe in die bos word vir 'n lang tyd reeds op oerwoudbeginsels georganiseer en is so tot 'n oerwoud verwring. Aan elkeen van die primitiewe stamme in die bos is 'n voorgeskrewe gebied toegeken. Elkeen moet sy plek ken. Die hoofmanne van die hoofstam (hulle kan ook die voorbokke van die nasionale trop genoem word), het vir die hoofstam die beste deel van die oerwoud opgeëis. Die ander stamme is die reg ontnem om hulle voete op die "heilige" grond van die hoofstam te sit! Klein oerwoudoorloggies breek telkens uit as die ander stamme (rasse) nie hulle plek ken nie.

Die sprokie gaan ook oor 'n bos wat toegelaat is om in 'n moeras te verval. Dit het 'n modderige affêre geword. Omdat 'n groot deel van die bewoners van die bos baie arm is en besig is om verder te verarm, beskik hulle nie oor die middele om die morsige gebied waarin hulle bly, droog te lê nie. Dit is wel waar dat die ligkleuriges in die bos nog ewe luuks teen die droë berghange in die bos woon, maar die grootste deel van die bosbewoners is letterlik en figuurlik besig om in die modder van armoede en

1. 'n Politieke parodie vir die herfs van 1989.

2

ellende weg te sink. En omdat hierdie bos al meer geïsoleer raak van lande buite die bos, word die bewoners al hoe armer en word die bos al hoe meer 'n moeras.

Koue winde waai in die bos. Dit is die winde van groeiende vyandigheid van buite. Die lande buite is kwaad omdat die hoofstam voorskryf hoe die ander stamme moet leef en woon. Wêreldwye misnoeë reën op die bos neer en maak dit nog moerasagtiger.

Al hoe meer bendes opereer in die bos en maak die lewe vir die bosbewoners al hoe gevaarliker. In die armer dele van die bos opereer klein rowerbendes wat plunder om aan die lewe te bly. In die ryker dele van die bos is dit vir baie van die ryker bosbewoners belangrik om nog meer voordele te bekom deur lede van een of ander establishment te word. Die boslewe is besig om in duie te stort. Die bos het 'n bendebos geword en dit maak die lewe ondraaglik vir die bewoners wat nie aan bendes behoort nie..

Maar die bos is helaas ook besig om in 'n labirint te verander. Die voorbokke van die nasionale trop het bome geplant om hulle bevoorregte en vrugbare deel van die bos van die beweende swakker stamme af te sonder. Hierdie bome het weelderig en selfs kwaadaardig gegroei. Dit het in 'n woeste struikgewas ontaard. Met die verslegtende toestande in die bos is dit nodig dat die bewoners uit die bos gelei sal word. Maar die voorbokke kry dit nie reg nie.

Daar bestaan waarskynlik uitweë. Maar dit moet oopgekap word. Brûe sal oor klowe gebou moet word. Dit gaan groot vindingrykheid en groot uitgewas verg. Die voorbokke wou en kon tot nou toe nie 'n uitweg vind nie.

2. Die vier aaklige kenmerke van die bos

(a) Die bos as oerwoud

Hierdie bos met sy vier aaklige kenmerke is nie 'n gewone bos nie. Die nasionale trop het die bos vervorm tot wat dit vandag

is. Hierdie trop se voorbokke het oor baie jare met die bos geknoei, die bos verwring tot 'n onwoonbare bos. Dit het die bos tot 'n oerwoud vervorm deur die politieke lewe in te rig op die basis van primitiewe stambeginsels.

Die hoofstam se beleid om die statutêr gedefinieerde rassegroepe as boustene van die politieke stelsel te gebruik, was van meet af 'n gevaarlike beleid. Dit het chroniese stamkonflik in die boslewe ingebou.

In plaas van 'n boslewe te bou op gemeenskaplike belange, waardes en lojaliteite, het die nasionale trop gesorg dat botsende belange, botsende waardes en botsende lojaliteit in stand gehou word. In plaas van gemeensaamheid is haat - haat tussen groepe - geskep en is omstandighede geskep waarin agterdog kan gedy.

In hierdie bos wat deur die nasionale trop tot 'n oerwoud omvorm is, kan een stam net wen ten koste van 'n ander - kan die donkerkleuriges net hulle armoede verlig ten koste van rykdom van die ligkleuriges. Dit is 'n gevaarlike stand van sake, veral omdat baie ligkleuriges onder die waan verkeer dat alles wat hulle besit witgoed is wat hulle eiehandig verdien het en dat donkerkleuriges geen bydrae daartoe gelewer het nie.

Die bos het reeds so onstabiel geword dat dit net met noodmaatreëls regeer kan word.

Die vernederende houding wat bewoners met verregse oogklappe teenoor die beweerde swakker stamme inneem, moet ook op die rekening van die nasionale trop geplaas word. Vir jare lank het hierdie trop die draketande van rassehaat op die vrugbare witgrond in die ryk woonbuurtes van die oerwoud gesaai en boonop vreesaanjaende ideologiese propaganda gebruik om dit te bemes. Dit is dan ook geen wonder dat aaklige monsters oor die afgelepe paar jaar uit die verregse hoeke van die oerwoud begin uitkruip nie!

Sommige bosbewoners wonder hoeveel monsters is nog besig om te ontkiem in die vrugbare teelaarde wat deur witideologieë op witgrond voorberei is?

Indien daar bosbewoners is wat nog twyfel oor hoe diep die oerwoud reeds in die bloed van die hoofstam sit, dan moet hulle hulle net vergewis oor die spreekwoordelike lang messe wat onlangs uitgepluk is in die leierstryd wat in die geleedere van die nasionale trop ontbrand het. Niemand sou kon dink dit is moontlik dat bokke wat so hoog opgee oor die eenheid van die trop en oor lojaliteit (en vir jare lank 'n persoonlikheidskultus rondom 'n (ou) Voorbok opgebou het), so vinnig kan omspring om 'n binnetrop rondom 'n nuwe voorbok te vorm nie.

Onlangs het lagwekkende (maar tog tipiese) oerwoudtonele hulle onder die groot parlementêre boom in die oerwoud afgespeel. Op 'n Maandagaand het die jong leeutjie uit die Noorde hard begin brul en ewe kordaat sy terrein op tradisionele manier onder die groot boom begin afmerk. Maar teen Woensdag het die Groot Krokodil skielik uit die dieptes van troebel waters weer sy verskyning gemaak en op 'n dreigende wyse weer Huys geskop in die Tuyn naby die groot boom. En toe die bewoners van die bos weer hul oë uitvee, was die leeutjie skoorveld. Hy het skielik 'n metamorfose ondergaan. Op Vrydag staan die eerste leeutjie toe onder die groot boom in die gedaante van 'n bewende bokkie met blink traantjies in sy ogies. Al woorde wat hy op sy bewende lippe kon kry, is dat die nasionale trop waarvan hy nou die Voorbok is, net liefde en deernis vir die Groot Krokodil het! Baie aandoenlik.

Laat bosbewoners nie te krities wees omdat die nuwe Voorbok so vinnig van vel en kleur en klank verander het nie. In die politieke oerwoud kan selfs 'n jong leeutjie uit die Noorde nie te versigtig wees nie. As hy dit sou waag om die terugkeer van die Groot Krokodil met die brul van 'n leeu uit te daag, sou die Groot Krokodil hom fyn gekou het en sou daar van die leeutjie net 'n bloedkol en 'n paar maanhare oorgebly het!

(b) Die bos as 'n moeras

Die tweede kenmerk van die bos is dat dit toegelaat is om in 'n moeras te ontaard. Bosbewoners sal 'n groot fout maak indien hulle nie kennis neem van die sware lot van miljoene wat in 'n moeras van bosarmoede leef nie. Hulle getalle groei daaglik aan en hulle is besig om letterlik en figuurlik dieper weg te sink in die aaklige moeras van armoede.

Vir baie jare het dit goed gegaan in die bos. Maar in die jare sedert olie so skaars geword het, gaan dit sleg. Die eetbare hoop op die markplein word al kleiner terwyl die bosbewoners al hoe meer word.

Bosbewoners moet seker vra wat die groot voorspoed van die jare van weleer laat omslaan het in die voortslepende boseliende van die jongste tyd. Die vernaamste rede is die hardkoppige weiering van die voorbokke van die nasionale trop om sy raswette weg te gooi. Dit het strafmaatreëls van byna alle lande daar buite teen die bos ontlok. Die wêreld is besig om te krimp tot 'n "global village". Waardes omtrent sekere regte geniet wêreldwye ondersteuning. In só 'n wêreld kan die voorbokke van die nasionale trop nie al die lande buite uitdaag en 'n bosbeleid volg wat teen die grein van die wêreld se aanvaarde waardes gaan nie. Deur die raswette te hou, het die nasionale trop vir homself die onguns van al die lande buite op die hals gehaal. Dit is wreed dat alle stamme in die bos moet ly vanweë die koppigheid, die hebsug en die kortsigtigheid van die voorbokke van die nasionale trop.

Die moeras waarin so baie bosbewoners letterlik en figuurlik besig is om in versonke te raak, is met 'n ompad die "maaksel" van die nasionale trop en sy voorbokke. Die bos het in 'n modderige moeras verander omdat die misnoeë van die lande buite soos swaar donderweer oor die bos hang en omdat wêreldwye misnoeë onophoudelik op die bos reën.

(c) Al hoe meer bendes opereer in die bendebos

'n Derde kenmerk van die bos is dat al hoe meer bendes in die bos rondsluip. Dit het in 'n gevaarlike bendebos ontaard. Elkeen van die bendes opereer asof dit 'n wet op sigself is. Lidmaatskap van 'n bende het vir sommige bewoners van die bos 'n manier geword om te oorleef te midde van die kruipende ellende. Vir baie van die ryker bewoners het lidmaatskap van bevoordeelde establishments 'n manier geword om seker te maak dat hulle ten spyte van bosarmoede steeds in groter weelde kan bly voortleef!

Dit is nodig om tussen twee soorte bendes te onderskei: dié in die agterbuurtes van die Armstad en dié in die spogbuurtes van die Rykstad in die bos. In die agterbuurtes is daar baie bendes. Die arm lede van die bendes in die agterbuurtes tree meesal op 'n twyfelagtige en selfs misdadige wyse op om 'n "buit" aan die hande te kry. Hulle is so in bosarmoede versonke dat hulle lewe afhang van die sukses wat hulle bendes met plundertogte behaal. Die misdadigheid waaraan die bendes hulle skuldig maak, kan nie goedgepraat word nie. Dit moet veroordeel word.

Onrus in die bosstede het reeds endemies geword. Dit is oplaaiende gevolg van drie dinge: Eerstens die politieke konflik wat deur die raswette in die grondwetlike en in die boslewe "ingebou" is; tweedens die ontevreedenheid en die bittere gevoel van verontregting wat die beweerde swakker stamme van die bos ervaar vanweë bosarmoede, diskriminasie en ontneming; en derdens, die georganiseerde misdaad wat deur honger bendes van die agterbuurtes gepleeg word om aan die lewe te bly te midde van kruipende armoede. Die bese kringloop van politieke geweld, bosarmoede en georganiseerde misdaad word boonop vererger deur die ideologiese faksie-oorloë wat in gedeeltes van die swartbos aan die gang is. Sommige van hierdie faksies is besig om mekaar op 'n massiewe skaal uit te moor. Vir hulle word die toekoms in die swartbos al hoe swarter.

Die "bendes" wat in die spogbuurtes van die Rykstad opereer, het 'n ander karakter. Dit neem die vorm aan van 'n verskeidenheid van organisasies waarvan net bevoorregtes lidmaatskap kan bekom.

Die meeste van hierdie organisasies is so "respekabel" dat dit nie juis as "bendes" beskryf kan word nie. Dit moet liever as establiaments beskryf word.

Om lidmaatskap van 'n meikwit bevoorregte establishment te verkry, is nogal moeilik. 'n Bosbewoner kan dit net "verdien" deur oor 'n lang tyd te bewys dat sy optrede en opvattinge die regte "kleure" het en dat hierdie kleure baie vas is! Slegs bewoners wat biologies, ideologies, polities en andersins "kleurvas" is, is waardig om lid te word. As 'n bewoner eers eenmaal 'n lid is, het hy geen keuse as om lojaal te wees teenoor die groep en sy lede en om die witortodoksie van die groep met oorgawe te prewel asof dit die evangelie is - selfs al beseef hy (te laat) dat alles nie pluis is nie.

Oor veral die afgelope jare het 'n besondere soort regeringstyl in die bos ontwikkel. 'n Omvattende patronaatnetwerk het tot stand gekom en dit het tot die verdere bevoordeling van die reeds bevoorregte bewoners en instansies gelei. Deur hierdie netwerk is baie bewoners en instansies as 't ware by die burokratiese mafia (of die nasionale establishment) gekoöpteer. Die toestande van bosarmoede, donderweer van buite en isolasie, het dit vir baie (voorheen onafhanklike) establishments blykbaar noodsaaklik, winsgewend, en/of veiliger gemaak om hulle by die burokratiese patronaatnetwerk te laat koopteer. Ryk bosbewoners en instansies wat vir jare lank 'n heldhaftige stryd teen die nasionale trop se verwringing van die bos gestry het, het hulle politieke siel vir 'n pot patronaatsop verkoop.

Die bevoorregte lede van die bevoorregte instansies maak hulle in die jongste tyd toenemend aan ongeoorloofde vorme van "plundery" en/of korrupsie skuldig. Die "buit" wat hulle so bekom, stel hulle in staat om met groter sigbaarheid hulle petit\_bourgeois-waardes aan almal wat oë het om te sien (en te begeer) te vertoon! Die bevoorregte instansies in die spog woonbuurtes word egter nie maklik uitgevang nie. Daar word in die bos gefluister dat dié wat in die jonste verlede wel uitgevang is, maar net die klein puntjie van die ysberg is.

Baie redes kan aangevoer word waarom lede van bevoorregte establishments nie maklik uitgevang word nie. Lidmaatskap van die establishment bring 'n gerieflike "cover" of 'n grot van verskansing mee. Vir diegene wat hulle met bosknoeiery wil besig hou, is so 'n grot van verskansing 'n ware toevlugsoord in die oerwoud. As hulle perdalks "little mistakes" maak, sal dit in die donker dieptes van die grot "gecover" bly.

Dit is kenmerkend van bevoorregte lede van establishments dat hulle optrede en uitsprake baie gesofistikeerd is. Die lyn wat geoorloofde van ongeoorloofde optrede in die Rykstad skei, is dikwels baie dun. Maar baie bevoorregtes is reeds so goed geoefen en die bosmoraal en in die kuns van gesofistikeerde optrede dat hulle daarin slaag om sò op te tree dat dit altyd lyk asof hulle aan die regte kant van die dun lyn is!

Sommige bosbewoners wonder wat sal gebeur as die son een oggend te vroeg oor die bendebos sou opkom. Dan sal die hel seker in die oerwoud losbars. Snaakse gediertes sal waarskynlik uit die grotte na vore kruip. (Spaar die Establishment tog dié te vroeg daeraad!) Wanneer die son te vroeg opkom, sal nog die grotte, nog die bosmoraal, nog gesofistikeerde optrede, die skuldige bevoorreedes van die establishments kan verskans teen die son se ondersoekende strale. Dan sal daar seker nie genoeg vyeblare in die ganse oerwoud wees om die skaamte van diegene wat naak en ontbloot gaan staan, te bedek nie!

Vir die "ongeorganiseerde" bewoners het die boslewe onaangenaam geword. Lojaliteit aan die bende of die establishment het die hoogste gebod geword. Daar is bykans geen plek meer vir gesonde morele standaarde en stabiele sosiale verhoudings nie. Vanweë die openlike en gesofistikeerde "plundery" en "wanoptrede" het die bendebos 'n korrupte karakter verkry. Om in die bendebos te kan oorleef, het baie bosbewoners geen keuse as om ook die korrupte bendemoraliteit aan te leer en dit deel van hulle lewensbloed te maak nie. Die verwronge bosmoraliteit groei soos onkruid in die binne van sommige bosbewoners. Die bendebos het 'n korrupte bos geword. Sò kan dit nie voortgaan nie - die bewoners moet uit die bos, en die bosgroeiels moet uit die bewoners. Maar hoe?

(d) Die bos as Labirint

Al die bewoners van die bos het in die bos vasgekeer geraak. Die bos het 'n labirint geword. Met sy rasbeleid het die nasionale trop 'n probleem geskep wat sy voorbokke nie kan oplos nie. Vir baie jare al word die hoofstam op 'n veelheid maniere bevoordeel en beskerm deur die raswette. Gevolglik het hulle verwen geraak. Hulle verkeer onder die waan dat die bos aan hulle permanent voorregte en verskansing bied. Baie het bederf geraak. Hulle het boskorrup geraak.

Die voorbokke dink hulle het 'n "oplossing" om die bosbewoners uit die oerwoud, uit die moeras en uit die bendebos te lei. Dit is nie waar nie. Nóg die voorbokke nóg die trop wil regtig uit die bos kom. Hulle "voel" te veilig daar! Die bos sit diep in hulle dink en voel ingegroei. Boonop het hulle 'n te groot (gevestigde) belang om in die bos te bly.

Die voorbokke is nie meer in staat om tot die kern van die probleme deur te dring nie. Te veel struikgewas het in hulle koppe vasgegroeï geraak. Dit is te veel gevra dat hulle sal erken dat hulle die nare probleme van die bos geskep en/of vererger het en dat hulle die eintlike sondebokke is! Om dit te erken, sit nie in hierdie voorbokke se bokbroeke nie! In plaas van moed, sit daar vrees in hulle bokbroeke.

Dit is verbasend dat bosbewoners nog hierdie voorbokke glo. Maar hulle is meesters om die bosbewoners van die bos op dwaalweg te lei, om hulle "om" die bos te lei en met hulle kringe in die bos te loop.

Die bos het 'n labirint geword omdat te veel struikgewasse soos 'n labirint in die klein in die kop van die voorbokke vasgegroeï geraak het. Voorbokke wie se koppe ideologies so "vergroei" geraak het, is nie meer geskik om te lei nie. Maar die voorbokke met die "vergroei" koppe sit met die mag - en met die mag om die mag voort te plant. Daarom het die bos 'n angswekkende labirint vir die ander bewoners van die bos geword.

3. Hoe kom die bewoners uit die bos?

Die bos het in 'n aaklige bos ontaard. Dit is noodsaaklik dat die bewoners uit die aaklig vervormde bos sal kom. Dit is ook nodig dat die bosdinge wat in sommige bosbewoners se binneste vasgegroeï geraak het, uit hulle gestel gekry sal word.

Maar hoe kom die bosbewoners uit die labirint? Hoe kom hulle betyds daaruit voordat dit te laat is? Hoe kry sommige bosbewoners die nare groeïsele uit hulle gestel? Daar is vyf moontlike roetes.

Eerste roete

Dit is moontlik dat die lande buite die bos tot hulle "sinne" kan kom en spontaan kan besluit om op te hou om die bos te isoleer. Indien dit gebeur, sal die moeras van armoede drooggelê kan word en sal soveel voorspoed behaal kan word dat die bos oor die middele sal beskik om 'n pad uit die oerwoud en die labirint oop te kap en brûe oor die klowe te bou.

Wat is die kans dat die lande buite spontaan tot hulle "sinne" sal kom en normale verhoudings met die bos sal herstel? Volgens die nasionale trop se propagandamasjien is die kans baie goed. Volgens hierdie propaganda skuld die lande buite dit aan die bos. Die nasionale trop se hele bosbeleid is gebou op die aanname dat die lande buite kort voor lank hul fout gaan agterkom en dit gaan regstel.

Die bosbewoners sou baie dankbaar kon gewees het as hierdie propaganda van die voorbokke 'n element van waarheid bevat het. Daar is egter nie 'n kat se kans dat die lande buite eensydig sy druk sal beëindig en verhoudings met die bos normaal sal maak nie. Of bosome nou met die moraliteit van die lande buite saamstem al dan nie, hulle moet nie oor die erns daarvan twyfel nie.

### Tweede roete

'n Tweede roete om uit die bos te kom, is dat die nasionale trop tot sy "sinne" sal kom en met 'n egte uittoeg na vore sal kom. Dit sal vereis dat hulle 'n pad uit die bos sal moet oopkap en ook die bosgroeiels uit hulle gestel sal moet kry. As hy dit sou doen - en dit op 'n geloofwaardige wyse doen - sal dit hopelik ook daartoe lei dat die lande buite hul beleid jeens die bos sal verander. Indien die voorbokke van die nasionale trop 'n geloofwaardige verklaring oor die wegdoen van die raswette kan maak en sigbaar op gang kan kom op pad na saamleef op die demokratiese vlaktes anderkant die bos, sal die lande buite dalk weer begin "oopmaak". Dan kan groter voorspoed behaal word en sal die "uittoeg" bekostig kan word.

Maar wat is die kans dat die voorbokke van die nasionale trop met egte planne vir 'n uittoeg na vore kan kom? Die kans hiervoor is bitter skraal.

Maar sal die nuwe Voorbok van die nasionale trop nie dalk die leiding kan verskaf wat die bewoners uit die bos sal neem nie? Is hy nie dalk die Groep Hoop op 'n uittoeg uit die bos nie?

In sy eerste praatjie op die bosbioskoop was die nuwe Voorbok baie stylvol met mooi linkende retoriese geblêr. Dit het baie bosbewoners beïndruk. Bosbewoners moet vir geen oomblik twyfel aan die nuwe Voorbok se vermoë om soos 'n uitgeslape boerbok met sy trop nuwe en skynbaar aantreklike kringe in die bos te draf nie. Maar om nuwe kringe in die bos te draf, is nog lank nie 'n uittoeg nie. Hy ken die kuns om die ligkleuriges om die bos te lei. Die kuns om hulle uit te lei, ken hy nie.

### Derde roete

'n Derde roete om uit die bos te kom, is dat die Nuwe Kudde so gou moontlik - en verkieslik vóór dit nag word in die bos - die parlementêre boom sal oorneem en met 'n egte uittoeg na die demokratiese vlaktes sal begin. Die Nuwe Kudde moet hom met volle

oorgawe en entoesiasme beywer om binne afsienbare tyd beheer oor die groot parlementêre boom oor te neem.

Maar dit sal nie maklik wees om binne die afsienbare toekoms die parlementêre boom oor te vat nie. Die probleem lê nie by die nuwe kudde, sy karakter en/of sy strategie nie. Die probleem lê in die yslike struikelblokke wat in sy pad lê, soos die bospropaganda van die nasionale trop, die gevestigde belange wat die nasionale trop verwerf het en die vreespsigose wat deur die voorbokke van die nasionale trop aangeblaas word.

Die nasionale trop beskik oor gedugte bospropagandamasjinerie. Die meerderheid van die ligkleuriges in die bos is reeds deur die bospropaganda toegespin in 'n kokon van onkunde, van waninformasie, verdraaiing, verdagmakery, vreesaanjaging en leuens. Vanweë die feit dat baie van hulle vasgevang is in hierdie kokon, weet hulle nie wat aangaan nie. Hulle leef in 'n propagandistiese "make-belief world". Die grootste deel van hulle weet nie eens van die korrupsie in die bendebos en van die uitsigloosheid van die labirint nie.

Dit is noodsaaklik dat die Nuwe Kudde deur hierdie kokon van onkunde sal breek. Dit sal nie maklik wees nie. Die ligkleuriges glo graag in die bospropaganda wat al die bosdinge probeer goedpraat. Die taak wat hy het om die verwende en misleide hoofstam op te voed omtrent die vergroeide stand van sake in die bos - en in baie bewoners se gestel - gaan moeilik wees.

Oor die afgelope jare het baie liggekleurdes 'n groot belang verkry om die bos te hou soos hy is. Onder die beheer van die nasionale trop is ligkleurige bewoners op 'n veelheid van maniere gepamperlang. Dit was eers een deel van die ligkleuriges wat erg deur die pamperlang bevoordeel en beskerm is. 'n Groter en belangriker deel van die ligkleuriges as voorheen het deesdae 'n belang verkry om die "bosorde" (ten spyte van die wanorde) te hou soos dit is. Al waarin hulle belang het, is 'n oppervlakkige rekrug van die bos. Maar daarmee gaan almal net dieper in die bosellende wegsak.

Indien rekening gehou word met die struikelblokke in die pad van die Nuwe Kudde, dan is dit duidelik dat dit nie gou genoeg beheer van die groot boom sal kan oorvat nie. Dit durf die Nuwe Kudde egter nie te ontmoedig nie.

#### Vierde roete

As die nasionale trop uitmekaar sou spat sal 'n vierde roete uit die bos gevind kan word. Indien dit sou gebeur, sal almal wat 'n ware uittoeg wil hê, hulle by die Nuwe Kudde kan aansluit.

Die nasionale trop het 'n baie brose kudde geword. Tussen die faksies binne die trop is oerwoudoorloggies aan die gang. Dit het pas 'n ou Voorbok uitgestoot en 'n nuwe enetjie gekties. Maar die voorbokprobleme van hierdie trop is nog lank nie bygeleë nie.

In die verlede het hierdie trop op 'n soort primitiewe kudde-instink en emosionele samehorigheid staatgemaak. In die trop het soort soort gesoek. Almal het een kleur gehad en eners geblêr. Dis nie meer so nie. Vir baie jare het hierdie trop dikwels mal op loop gegaan en dan al wat leef en beef wat in hulle stormpad gekom het, onder die voete vertrap. Oral in die oerwoud is die littekens van hierdie nasionale trop se stormlope nog duidelik sigbaar. Maar helaas, die trop het sy instink en (genadiglik) ook sy vermeende koers verloor. Dit gaan ernstig mank aan leierskap, aan idees, aan koers ... maar bowenal aan verbeelding. Wat is 'n nasionale trop sonder verbeelding werd? Net mooi niks.

Die emosionele samehorigheid van die nasionale trop kan nie onbepark voortleef nie. Een of ander tyd gaan die trop uitmekaar spat! In plaas van koersvas en op vlug te wees, is daar deesdae dwarstrekery, rondmalery en hakskeenbytery aan die gang, kompleet asof die trop 'n klomp donkies geword het. Red trou 'n bos met sulke bokke!

Wat gaan die trop uit mekaar laat spat? Niemand weet nie. Miskien sal die Groot Krokodil sy kant bring. Hopelik sal sy laaste hap die bytslag wees wat die nasionale trop sy laaste

stuiptrekkings sal laat gee. Sô sou die ou Grote vir hom 'n plek in die oerwoudgeskiedenis kan losbyt!

#### Vyfde roete

Daar is moontlik 'n vyfde roete om uit die vervormde bos te kom. Die bosbewoners leef in 'n wêreld waarin die bos se probleem ook die probleme van lande buite die bos geword het. Die aanspraak van die voorbokke dat die bosprobleme 'n suiwer bosaangeleentheid is, skeur geen tak meer nie.

'n Belangrike plan is onlangs in 'n buurbos bereik. Die wyse waarop al die lande buite - en veral die twee Grotes - saangewerk het, het die skikplan moontlik gemaak.

Dit is baie moontlik dat in die jare wat voorlê nie net Weslande nie, maar ook die groot Beer, saam 'n plan teen die hoofstam se rasbeleid kan maak. Dit is moontlik dat die voorbokke van die nasionale trop naderhand geen ander keuse sal hê as om onder groot bome te begin praat met al die donkerkleuriges wat saakmaak. Hopelik sal die lande van buite alle donkerkleurige groepe kan ompraat om nie meer gewelddadig te wees nie. Dan kan bosbewoners van alle kleurskakerings met die Groot Praat oor 'n moontlike uittoeg uit die bos begin.

Wanneer die voorbokke van die nasionale trop teen wil en dank ingetrek word in so 'n Groot Praat, sal hulle nie weet hoe om te praat, met wie om te praat en waarvoor om te praat nie. Dan sal die Nuwe Kudde 'n uiters belangrike rol te speel hê. Die Nuwe Kudde sal moet sorg dat hy dan al goeie staanplek onder die parlementêre boom het en ook onder alle ander bome van (potensiële) mag. Sy staan onder die parlementêre boom moet dan reeds so groot wees dat die huidige voorbokke geen ander keuse sal hê as om sy hulp te vra vir die Groot Praat met donkerkleuriges nie. Maar terselfdertyd moet die Nuwe Kudde se kontakte onder ander bome van mag dan ook so goed gevestig wees dat die donkerkleuriges net bereid sal wees om met die huidige voorbokke te praat as die Nuwe Kudde ook by is. Dit is belangrik dat die Nuwe Kudde die moontlike verloop van dinge buite die bos

reg sal voorsien en te alle tye reg sal wees om ten minste 'n rol te speel om die Groot Gepraat aan die gang te kry en aan die gang te hou.

Hierdie vyfde roete bied geensins 'n maklike uitweg uit die oerwoud en die labirint nie. Dit is 'n roete wat baie gevare, maar ook groot moontlikhede inhou.

Hierdie huidige voorbokke moet die skuld kry vir die treurige stand van sake in hierdie oerwoud - vir die endemiese konflik, vir die moeras van armoede, vir die benedebos met sy skewe moraal en vir die labirint met sy uitsigloosheid. Die voorbokke verdien geen gevolg meer nie. Hulle verdien net verwerping.